



Heuwelsein

S O N D A G 4 Augustus 2019
Koninkrykstyd 8

<p>09:30 Formele diens: Prof Fanie Snyman Teks: Hosea 11 : 1—11 Tema: Die Here het ons lief</p> <p>9:50 Kategese:</p> <p>10:30 Kruiskerk: Prof Fanie Snyman Teks: Hosea 11 : 1—11 Tema: Die Here het ons lief</p> <p>15:00 Sothodiens: Geen</p> <p>17:30 Aanddiens: Ds Mauritz Teks: Psalm 107 Tema: Meditatiewe diens</p>		<p>DEURKOLLEKTE: Sinodale Pensioenfonds</p> <p>ROLSTOELFASILITEIT 'n Rolstoeldiens is vanaf die parking tot in die kerk beskikbaar vir persone wat moeilik loop</p>
<p>Diakens diensbeurte:</p>	<p>4 Augustus Lourens, Pierre, Griesel, Carin, James, Petrusa, Deon</p>	<p>11 Augustus Izak, Trudie, Hennie, Linda, Rina, Schalk, Deon</p>
<p>Ouderling diensbeurte:</p>	<p>4 Aug — Annetjie v Wyngaardt 11 Aug — Johannes Beckmann</p>	<p>Kantoordiens: 4 Aug— Marie Elize Klopper 11 Aug— Chrisna van Wyk</p>

ALGEMENE INLIGTING:

<ul style="list-style-type: none"> • Leraar: Ds Mauritz Heyneman Adres: Danie Pienaarsingel 12, Pentagonpark Kontakbesonderhede: 079 895 3916 of 051 436 1644 	<ul style="list-style-type: none"> • Kerkkantoor: Laliq Janse van Rensburg Adres: Stratfordstraat 43, Heuwelsig Kontakbesonderhede: 051 436 6634
---	--

- **Alle nuwe lidmate!** Hartlik welkom hier by ons! Ons hoop dat jy hier tuis is en jou liefde vir Jesus hier wil ultielief. Gee asb. jou naam na die diens in die voorportaal by die ouderling op en iemand sal jou kontak. By Kruiskerk, meld asb by die leraar aan.
- **Huisbesoek:** Indien jy 'n behoefte aan huisbesoek het, of bewus is van iemand wat dringend huisbesoek benodig, kontak asb vir Ds Mauritz, jou kerkraadslid of die kerkkantoor. **Ons is hier vir jou! Laat weet asb jou leraar van siekte, veral hospitalisasie.** As jy ons nie laat weet nie, kan ons jou nie besoek nie ... dit geld ook asb. wanneer persone "step downs" toe gaan.
- **Tee/koffie:** ons drink elke Sondag in die kwartaal tee tussen die twee oggenddienste. Jy is baie welkom daar. Nooi gerus iemand vir 'n lekker koppie tee/koffie. Dankie aan die skinkers!

Lief en leed:

- Christelle Taljaard (A) Operasie ondergaan
- Philip Theunissen (D-G) Operasie ondergaan
- Ida Pretorius (L) Heup gebreek
- Hennie Smith (M) Skouer gebreek
- Koot Wilken (B) ICU
- Frikkie Swanepoel (M) Kanker
- Trudie Taljaard (M) Chemoterapie
- Retha Grobler (C) Kanker

Liewe gemeente van Heuwelkruin.

Ons het Sondag gegroet, en was dit nie 'n groet nie. Alles rondom die afskeid was keurig en mooi. Dankie! Dit was met baie emosies, trane en afskeidswoorde. Tog was dit alles gevul met diepe dankbaarheid vir 19 jaar se stap in die geloof. Dankie dat julle ons met julle diepste emosies en selfs geheime vertrou het; dankie dat ons almal kon trane afvee met 'n glimlag en by tye kon lag met 'n traan; dankie dat nie ons of julle woorde regtig kan sê watter verskil ons in mekaar se lewens gemaak het nie. Dus: dankie, dankie, dankie!

Charles en Christa

LET WEL:

- ⇒ Indien daar lidmate is wat geroepe voel om betrokke te raak by die eredienste vir **Sothosprekendes**, kontak asb. vir ds Mauritz 079 895 3916
- ⇒ By **Pick n Pay Preller Walk** is 'n houër met Heuwelkruin se naam op waarin u u strokies kan plaas. Die gemeente kry 'n deel van die strokie se geld terug.
- ⇒ **Basaar**: Ons begin solank leë tunablikkies ook bymeekaarmaak vir vetplante vir basaarverkope

Dringend

Ons benodig dringend persone om aan te meld en opgelei te word as **klankoperateurs**. Kontak asb. vir ds Mauritz 079 895 3916

Dankoffers Baie dankie dat jy as lidmaat getrou jou dankofferbydrae vir Heuwelkruin se werk in God se koninkryk bydra! Ons waardeer dit opreg.

Wil jy nie dalk oorweeg om jou aftrekorder vir 2019 aan te pas nie? Dit kan net meehelp om ons verpligtinge oral na te kom. Vir u gerief, veiligheid en 'n konstante inkomste vir die gemeente, word u vriendelik gevra om elektroniese inbetalings te oorweeg.

Bankbesonderhede: NG Gemeente Heuwelkruin, ABSA; Rek no: 470 583 266; Takkode: 632 005;
Verw: U lidmaatnr

Indien jy graag 'n spesiale bydrae t.o.v. 'n spesifieke projek van die gemeente wil maak, kan jy dit ook so spesifiseer wanneer jy 'n EFT-oorbetaling maak. Dit sal dan vir daardie spesifieke doel aangewend word.

LITURGIE

I Ons kom by mekaar in God se teenwoordigheid

Votum: "Ek stel my vertroue in die Here, ek vertrou op Hom, ek wag op die vervulling van sy woord. Wag op die Here, want by die Here is daar troue liefde by Hom is die verlossing seker".

Seëngroet: Genade en vrede vir julle van God ons Vader, van Jesus Christus die Here, van God, die Heilige Gees!

Toewydingslied: Lied 176 : 1 2X (sittend).

Lofsang: Ps 100 : 1, 2, 3 (staande).

Geloofsbelydenis: Lied 265 : 1, 2.

Dankoffer: Deel van ons lof aan die Here is ons dankoffer aan Hom.

II Ons luister na God se Woord

Aankondiging van die Skrifgedeelte: Hosea 11 :1 -11

Gebed

Skriflesing

Preek: Die Here het ons lief – altyd.

Die Here het ons lief – van altyd af.

Die Here het ons altyd lief – ook nou en hier.

Die Here het ons lief – vir altyd

Gebed

III Ons word uitgestuur na God se wêreld

Wet: Markus 12 : 28-31

Slotsang: Lied 334 : 1, 2, 3, 4.

Seën:

Uit die kerkraadsvergadering

1. Reeds in 2018 is 'n **Strategiese Beplanningskomitee** (SBK) op die been gebring om aanvanklik spesifiek na die finansiële situasie van die gemeente te kyk. Die volgende 3 sake het na vore gekom:
 - ♦ Die begroting van die kerkraad is herbesin en aanpassings is gemaak sodat ons ons gemeente se finansies beter kan bestuur.
 - ♦ 'n Telefoniese sensus is gedoen om ons gemeente se databasis op te dateer. Tans is ons 724 lidmate in 379 besoekpunte.
 - ♦ Die kerkraad het goedgekeur dat ons met 'n strategiese proses begin om te besin oor die toekoms van Heuwelkruin i.t.v. roeping, visie en strategie. In dié verband gaan ons 'n konsultant met ervaring in gemeentebestuur nader.
 2. **Eredienste:** na lang en deeglike gesprekke in kommissies én die kerkraad, het ons besluit om voorlopig *Kruiskerk* af te skaf. Dit is vir ons hantseer, maar ons het nie 'n keuse in dié verband nie. Die hoof beweegredes is:
 - ♦ Ons kry nie musikante wat in die orkes kan speel en só aan Kruiskerk sy unieke karakter gee nie
 - ♦ Die bywoning by Kruiskerk het drasties afgeneem
 - ♦ Ons wil beweeg na groter eenheid in die eredienste
- Daarom: vanaf Sondag 25 Augustus sal ons dan slegs een oggendediens hê wat DV om 9:30 begin. Ons gaan die erediens inkleef in 'n poging om ruimte te maak vir verskeie spiritualiteite, én om ons kinders te akkomodeer. Aanddienste sal ook deurgaans (winter en somer) om 17:30 begin.
3. **Kategese:** Die gedagte is dat die voorskoolse tot graad 2 kinders in die erediens saam met hulle ouers na die oggenddiens kom. Ná die “kindermoment” beweeg die kinders dan saam met die kategete na die Jeugkamer waar hulle dan Kinderkerk en kategese sal hê. Na die erediens kan die ouers hulle dan weer kry. Die kategeselesse vir graad 3 tot 11 sal dan DV van 10:30 tot 11:00 wees.
 4. **Kerkraad:** op die afgelope kerkraadsvergadering is Conri én Colin Sorour verkies tot diakens vir Blok B.
 5. Ons is dankbaar dat al die gemeente se **Getuienis en Barmhartighedsprojekte** nog sterk staan en dat ons met verwagting uitsien na die Here ons as gemeente stuur.
 6. Met die oog op die uitkoms van die beplande strategiese prosesse, gaan die kerkraad vir eers nie 'n tweede **leraar** beroep nie. Ds Mauritz sal dus vir die volgende 1 jaar na 1 en 'n half jaar die bediening alleen hanteer. Hy beloof sy toewyding aan elke lidmaat van Heuwelkruin—hy is hier vir elkeen van julle!

VROUEDIENS

Baie dankie vir elke persoon wat verlede Sondag met die gemeenteverjaardag én dr Charles en Christa se afskeid so mooi gehelp en bygedra het om daarvan 'n besondere geleentheid te maak.

Die **poedingverkope** van 4 Augustus deur Blokke A, B, L en O skuif uit na Sondag 18 Augustus

Vrouelidmatevergadering vind vanoggend plaas direk na afloop van die Formelediens in die kerk. Al die gemeentevroue word spesiaal uitgenooi! Kom hoor en deel in ons entoesiasme met ons werk by Heuwelkruin!

Borg-'n-blik" projek van 14 September:


- * Ons benodig asb nog leë koffieblikke (750g) vir die “Borg-'n-blik”-projek. Dankie aan almal wat so ywerig koffie drink en help blikke bymekaar maak.
- * Indien daar vroue is wat wil help met die versier van die koffieblikke, kan hul gerus van die blikke in die kantoor gaan afhaal. Kreatief wees is baie goeie terapie ☺.
- * Borg 'n blik @ R100 per blik. Koevertjies is hiervoor beskikbaar in die portaal of dit kan by die kerkkantoor inbetaal word **OF** help ons asb met die skenk van items waarmee die blikke gevul kan word: tandepasta; tandeborsels; waslappies; Zambuk-salfies; pakkies koekies (klein) of droë vrugte pakkies; sneesdoekie pakkies. Navrae: Sonja 0712023972

Dr Böhmer-skool

Heuwelkruin verskaf gesmeerde toebroodjies van 26—31 Augustus by dr Böhmer-skool. Enigeeen wat kans sien om te help, kontak asb. vir Margaret Olivier 082 449 9720

UITNODIGING NA GEMEENTESEMINAAR : 23—24 AUGUSTUS 2019

Soos gebruikelik die afgelope klompie jare, bied Heuwelkruin weer 'n gemeenteseminaar aan, en vanjaar sal dit DV oor evangelisasie gaan. Ds August Basson (*Van Farming God's Way-faam en 'n oud-Matie*) lei ons die Vrydagaand en Saterdagoggend in evangelisasiemetodes wat hy deur die jare dwarsoor die wêreld sien werk het. Hy benader evangelisasie anders as “van-bo-af” en wil ons inlig hoe om saam met ander, rondom die Woord, vir God te ontdek. Ds August het al in Irak en Brasilië, maar ook in Soedan, Kenia en ons buurlande die kerke hierin onderrig. Hy is 'n dinamiese spreker met baie jare se ondervinding in Lesotho (o.a. in Tebalong).



XHARIEP-UITREIK!!!

HEUWELKRUIN Gemeente beplan om op Sondag 1 September 2019 na FAURESMITH uit te reik. Alle belangstellendes kan hul name vir Berna, Laliqie of Manus gee. Ons benodig 3 of 4 groterige voertuie om daarheen te gaan—reëlings vir brandstof sal getref word. Koffiebottels (droë kos), Bybels en ander nuttige items sal weer daarheen geneem word.



KOM ONS DIEN DIE HERE OOK OP HIERDIE MANIER!!!